NUUSBRIEF 29 VAN 2026

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

### GROETE AAN AL DIE RYNIE HUISGESINNE!

*Mnr.Wally Janse van Rensburg*






Die **toetsreeks** vir die Gr. 4-7 leerders maak vandag klaar terwyl die laaste dag vir die inhandiging van take en projekte, volgens die kwartaalprogram, gister was. Die personeel begin nou met die verwerking van punte vir die departement en rapporte. **Rapporte** word uitgegee op die laaste dag van die kwartaal wanneer die skole vir die Oktober vakansie, naamlik **Woensdag 23 September 2026** sluit. Soos die reëling verlede kwartaal was is daar geen skool op die betrokke dag nie en leerders haal slegs rapporte by hulle registerklasse vanaf 07:00 tot 08:00 af.

Môre vind die Gr. 7 entrepreneursdag plaas en soos reeds op die groepe gekommunikeer sluit die skool om **12:00** môre vir al die Gr 1-7 leerders. **Leerders trek gewone klere aan, geen skooltasse.** Die Gr. 7 leerders moet 'n besigheids-plan opstel, handel dryf op die dag en moet dan hulle wins/verlies bepaal. Gee assbelief vir u kind/ers 'n ekstra geldjie om die Gr 7 leerders te ondersteun.



NUUSBRIEF 29 VAN 2026

*27 Augustus 2026*

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

Ek het die voorreg om weereens volgende week die **SAOU** se jaarlikse **hoofdesimposium** in Port Elizabeth by te woon. Hierdie is ‘n besondere hoogtepunt op die onderwyskalender waar oor ‘n duisend skoolhoofde van regoor die land bymekaarkom en gedagtes wissel, sowel as geinspireer word deur uitstekende sprekers en ook ingelig word rondom die nuutste onderwys verwikkelinge. Persoonlik leer ek jaarliks ongelooflik baie by die simposium wat weer toegepas kan word in die skoolopset.






Lente is oppad en die temperature was die afgelope week lekker warm. Ons dra weer amptelik somersdrag vanaf Maandag 7 September 2026. Ons weet egter daar is altyd laat koue en leerders kan nog wintersdrag aantrek op die dae wat dit kouer is totdat temperature konstant warm is.


ONS BOU
LAERSKOOL RYNFIELD
LAERSKOOL
RYNFIELD
STUDENTEPOS
2027
VEREISTES:
• Ingeskryf by erkende tersiëre instansie.
SALARIS:
• Op aanvraag
PROSES:
• Sifting en onderhoud
AANVANGSDATUM:
• Januarie 2027
SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE:
• Vrydag 4 September 2026
Handig volledige CV by Sonja in of
e-pos na
admin@rynfieldlaer.co.za

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## LANDLOOP











# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## KRIEKET











# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## HOKKIE











NUUSBRIEF 29 VAN 2026 *27 Augustus 2026*

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## TENNIS

Ons skool se tennis Dogters (B) het verlede week Woensdag 19/08 asook Maandag 24/08 wedstryde gespeel. Hulle het hulself goed van hul taak kwyt gemaak.

<u>Uitslae is as volg:</u>
Woensdag teen Kruinsig - gewen
Maandag het hulle ongelukkig vasgeval, maar het goeie sportmanskap getoon.



**Dogters B - V.l.n.r. Anje Potgieter, Nadia Myburgh, Camarin Craig, Liané Ligthelm.**

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## RUGBY



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



# RYNIENUUS



## LAERSKOOL RYNFIELD

## KOOR
Onthou asb dat oefening sal voortduur tot na ons Eisteddfod optrede.
**Juniorkoor – 8 September**
**Seniorkoor – 10 September**
Ons volgende optrede is dan in **Kwartaal 4 by NG Rynfield gemeente** se **70jaar** fees op die **31ste Oktober.**

## SPREEKKORE
Onthou asseblief van ons optrede by **Laerskool Concordia** vir die Dell'Arte kunswedstryd op **4 September**.
**Gr. 1-3.** 14:30 - 15:45 **Gr. 4-5.** 17:00 - 18:00 **Gr. 6-7.** 18:15 - 19:45

## INTERSKOLE REDENAARSLIGA / INTERSCHOOLS PUBLIC SPEAKING LEAGUE
Die volledige program is beskikbaar op die organiseerders se webtuiste. Ons versoek dat alle ouers asseblief vooraf bevestig hoe laat hul kind aan die beurt is, sodat deelname glad verloop. Alle sterkte met die laaste voorbereiding. Sien julle op **19 September by WITS!**

## BELANGRIKE INHANDIGING VAN KULTUUR SERTIFIKATE
**DIT IS TYD!** Indien u kind hul kultuurdeelname vir 2026 voltooi het en nie meer aan verdere kunswedstryde gaan deelneem nie, versoek ons dat u asseblief die sakkie of lêer wat u by die huis saamgestel het met **afskrifte** van u kind se sertifikate/uitslae (geen oorspronklike sertifikate) **skool toe stuur.**
**Let wel:**
·**Koor en spreekkore** hoef nie ingehandig te word nie – die personeel hou self rekord van uitslae en bywoning wat tel vir u kind se toekenning aan die einde van die jaar.
·Alle **toekennings vir kunswerke** moet asseblief by die kunsjuffrou ingehandig word.
·Slegs **harde kopieë** sal aanvaar word – geen e-posse of WhatsApp-inskrywings nie.
Baie dankie vir u samewerking en dat u help om alles netjies en volledig bymekaar te hou.

*Kultuurgroete,*
*Juf. Coffey*



*Stuur gerus enige navrae na kultuurhoof@rynfieldlaer.co.za*

**INTERSKOLE REDENAARDS LANDSFINAAL**
Redenaars en spanne wat deurgedring het na die Landsfinaal en saam met **Juf. Barbara** geoefen het, moet asb. weer 'n tydjie bespreek om volgende week te begin voorberei vir die optrede.

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## SNOEPIE SPYSKAART

| | |
|---|---|
| Maandag, 31 Augustus | Eier & bacon wrap |
| Dinsdag, 1 September | Corndog |
| Woensdag, 2 September | Hoender gesondheidsbroodjie |
| Donderdag, 3 September | "2-min-noodles" |
| Vrydag, 4 September | Rynie Ratel-burger<br>Mini-doughnut karretjie |

NUUSBRIEF 29 VAN 2026 *27 Augustus 2026*

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



NUUSBRIEF 29 VAN 2026 *27 Augustus 2026*

# NASKOOL

LAERSKOOL RYNFIELD

## BELANGRIKE DATUMS!!! NEEM KENNIS

- **23 September - Skool sluit**
- **24 September - Publieke vakansiedag**
- **25 September - NASKOOL GESLUIT**
- **28 September - 5 Oktober - Naskool oop vir skoolvakansie (vanaf 07:00-17:30)**

## BEDIENING VAN MIDDAGETE

Neem asseblief kennis dat die kombuis in die middae om 16:00 sluit. Indien u kind/ers betrokke is by enige buitemuurs en eers na 16:00 kom eet, moet dit asseblief met Tannie Annie of Tannie Melané gereël word sodat hul middagete vir hul eenkant gehou word. Baie dankie vir u samewerking in die verband.




## NASKOOL SPYSKAART

| DATUM | ETE | 15:45 - 16:00 |
|---|---|---|
| Maandag, 31 Augustus | Macaroni & kaas | Vrug & sap |
| Dinsdag, 1 September | Kouevleis, rolletjie & slaaie | Vrug & sap |
| Woensdag, 2 September | "Chicken-a-la-king" | Vrug & sap |
| Donderdag, 3 September | Geroosterde kaasbroodjies | Vrug & sap |
| Vrydag, 4 September | Burgers | Vrug & sap |

# TEN SLOTTE

LAERSKOOL RYNFIELD




**W JANSE VAN RENSBURG**

**SKOOLHOOF**

# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD






# ADVERTENSIES

## LAERSKOOL RYNFIELD

